Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

# KwartaalKlets 2 van 2026

Geagte Randhart-ouers en -voogde

Die eerste kwartaal is vinnig besig om ten einde te loop. Ons kan met trots terugkyk op 'n suksesvolle en bedrywige kwartaal binne sowel as buite die klaskamer. Hieronder deel ons graag 'n paar hoogtepunte asook enkele belangrike organisatoriese sake.

1. **Voorsitter van die Beheerliggaam**

   Advokaat Willem Bezuidenhout is verkies tot voorsitter van ons Beheerliggaam. Baie geluk, advokaat Willem. Ons sien uit om die pad saam met jou te stap. Mag jy ons skool net tot verdere hoogtes lei.

   Ons bedank graag vir past. Darius Prinsloo vir sy waardevolle bydrae tot ons skool oor die afgelope jare. Hy het klipharde werk agter die skerms verrig om te verseker dat ons een van die top laerskole is. Hy gaan egter steeds as ondervoorsitter op ons Beheerliggaam betrokke wees.

   Pastoor Darius wou graag die volgende met u deel.

   > *Geagte Ouergemeenskap*
   >
   > *Dit is met gemengde emosies, maar ook met baie vrede, dat ek u hiermee in kennis stel dat ek as voorsitter van Laerskool Randhart se Beheerliggaam uittree. Dit het tyd geword om na 10 jaar op die Beheerliggaam, die leisels oor te gee sodat die dinamiese span, wat tans hier is en talle ander wat kan bykom, die skool na die volgende mylpale kan neem. My seisoen, wat hierdie rol betref, is nou verby en maak plek vir nuwe geleenthede en ander opwindende hoofstukke wat nou my*

*aandag gaan verg. Ek sal egter tot die einde van die jaar in die rol van onder-voorsitter aanbly om kontinuïteit te verseker en 'n gladde oorgang te ondersteun.*

*Ek wil my opregte dank en waardering uitspreek teenoor elke ouer sowel as mnr. Venter, die toegewyde personeel en elke vorige hoof en BL waarmee ek hierdie besonderse en impakvolle pad in my lewe kon stap. Dankie vir die vertroue wat oor die afgelope dekade in my gestel is. Dit was vir my 'n enorme voorreg en die grootste eer om op hierdie wyse diens te kon lewer en deel te wees van hierdie besondere skoolgemeenskap. Ranties bly maar net die beste! Laerskool Randhart is werklik 'n baken van hoop en uitnemendheid in ons omgewing.*

*Gedurende my termyn was dit 'n absolute seën om eerstehands te sien hoe die skool groei, ontwikkel en op soveel gebiede uitblink. Die vordering en prestasies op akademiese, kulturele en sportgebied getuig van 'n span wat met passie, visie en toewyding werk. Wanneer ek terug kyk en al die herinneringe koester asook sien hoe huidige en oud-leerders van Randhart hul stempel in die samelewing en buitewêreld afdruk, getuig dit van 'n skool wie se fondasie op die regte hoeksteen gebou is en ons leuse gestand doen – ONS GLO!*

*Ek wil u as ouers gerusstel dat die skool in uiters bekwame hande is en dat die toekoms van ons laerskool baie belofte inhou. Mnr. Venter, die bestuurspan en Beheerliggaam beskik oor die nodige leierskap, kundigheid en toewyding. Daar is beslis ook opwindende medium- en langtermynplanne in plek wat my met groot opgewondenheid en entoesiasme vul. Finansieel is die skool gesond, dit word goed bestuur en die toekoms lyk besonder belowend. Die Ondersteunersklub is besig om van krag tot krag te gaan en is 'n integrale deel in die toekomsplanne van ons skool se verdere ontwikkeling en volhoubaarheid. Dankie ook aan elke ouer wat hierin hulle hart en siel uitstort.*

*Laerskool Randhart is sonder twyfel een van die top skole in die land – 'n plek waar ons kinders nie net onderrig ontvang nie, maar waar hul potensiaal raakgesien, ontwikkel en ten volle ontgin word. Die kwaliteit van ons leerders, hul karakter en hul strewe na uitnemendheid bly voortdurende vir my 'n inspirasie.*

*Ek dank ons Hemelse Vader vir die geleentheid wat ek gehad het om op hierdie manier 'n bydrae te kon lewer. Randhart sal altyd 'n spesiale plek in my hart hê. Daar is baie goeie herinneringe wat my gaan bybly, 'n hele paar groot gebeurtenisse waarvoor ek dankbaar is en baie wat ek saam met my gaan neem.*

*Mag die pad vorentoe gevul wees met groei, voorspoed en oorvloedige seën. Mag elke leerder, ouer en personeellid bly floreer en mag Laerskool Randhart voortgaan om lig te bring en lewens te vorm.*

*Met opregte waardering en beste wense. Altyd in my gebede.*

*Darius Prinsloo*

## 2. Prestige Prestasietoekennings

Ons eerste glansgeleentheid het op 17 Februarie plaasgevind. Baie geluk aan elke leerder wat tydens hierdie geleentheid erkenning vir buitengewone prestasie in sport en kultuur ontvang het. Indien daar enige onsekerhede is, kan u gerus ons beleid in die verband op die skool se webblad besigtig.

**Buite skoolverband**

Op 10 Junie gaan ons ook erkenning gee aan leerders wat besonderse prestasies buite skoolverband behaal het. Die betrokke leerders sal gedurende die tweede kwartaal uitnodiging ontvang.

## 3. Ekurhuleni-sporttoekennings

Ons wens die volgende personeel en leerders geluk met besonderse prestasies wat tydens hierdie spoggeleentheid behaal is.

- Liam McGeer – Laerskool Sportseun van die jaar
- Kayla Hopley (oud-leerder) – Laerskool Sportdogter van die jaar
- Me. Bonita Mentz – Dames Tegniese Beampte van die jaar
- Mnr. Willem Willemse – Mans Tegniese Beampte van die jaar

## 4. Personeelsake

- Baie geluk aan Me. Christa Erasmus wat aangestel is as bestuurshoof van die Rakkers. Me. Erasmus se positiewe ingesteldheid en lewenslustigheid het in ŉ kort tydjie reeds ŉ groot verskil by ons Rakkers gemaak. Ons wens haar alle voorspoed toe in die nuwe rol en weet dat sy met onderskeiding hierin sal slaag. Me. Mari van den Berg neem vanaf die tweede kwartaal volle verantwoordelikheid vir die Bytjie-klas oor.
- Me. Elaine Koelmans van die Eendjie-klas het ŉ posisie by ŉ leersentrum aanvaar en het reeds aan die einde van Februarie Rakkers se diens verlaat. Ons verwelkom me. Martiné Degenaar in haar plek. Ek is oortuig daarvan dat me. Degenaar ŉ groot verskil by ons skool gaan maak.
- Me. Hannelie Steinberg groet ons aan die einde van die hierdie kwartaal. Ons bedank haar vir uitstekende werk wat sy oor 7 jaar by die Ranties gelewer het. Ons wens haar sterkte toe met die nuwe hoofstuk in haar lewe. Me. Renate van

den Heever sluit in die tweede kwartaal by ons aan. Sy bring baie kantoor-ondervinding na ons skool toe. Sy is ŉ oud Rantie en skoolouer. Welkom by die Rantie-familie, me. Van den Heever.

- Me. Christelle Prinsloo, graad 1S, is tans op bevallingsverlof en me. Shanice Knell neem tydelik in haar klas waar. Me. Knell is ŉ ervare Grondslagfase-opvoeder en daarom sal die leerders se akademiese program met gemak kan voortgaan.
- Ons is besonder trots op me. Zanulé Fouché en me. Beninca Botha wat onderskeidelik as skeidsregter by netbal se "Winter Games" en as LOC vir "All Ages" gekies is. Baie geluk, dames.

**5. Redenaars**

Na afloop van ons Interne redenaars is die volgende leerders as wenners en naaswenners van hulle onderskeie afdelings aangewys.

<u>Graad 2</u>
Wenner: Cara van Lamp
Naaswenner: Quinn Delport

<u>Graad 3</u>
Wenner: Kimike Landman
Naaswenner: Joshua Blignaut

Algemene wenner graad 2 en 3: Kimike Landman

<u>Graad 4</u>
Wenner: Eduan Barnard
Naaswenner: Dian van Zyl

<u>Graad 5</u>
Wenner: Jean-Daniel Blignaut
Naaswenner: Ruwan de Bruin

Algehele wenner graad 4 en 5: Juan-Daniel Blignaut

<u>Graad 6</u>
Wenner: Marnelle Moroney
Naaswenner: Megan Hopley

<u>Graad 7</u>
Wenner: Milan Potgieter
Naaswenner: Milan Potgieter

Algehele wenner: Milan Potgieter

Dankie aan elke leerder wat deel hiervan was. Ons wens alle redenaars sterkte toe met verdere deelname.

Die volgende sprekers het op 13 en 14 Maart aan die Super 12-redenaars te Laerskool Wierdapark deelgeneem. In die land van melk van heuning het ons sprekers omtrent saam met die sonneblomme geblom, saam met die bye gegons en ons besonder trots gemaak.

Graad 2 tot 3-afdeling
Kimike Landman en Cara van Lamp

Graad 4 en 5-afdeling
Ruwan de Bruin en Jean-Daniël Blignaut

Graad 6 en 7-afdeling
Milan Potgieter en Marnelle Moroney

Graad 7-spanredenaars
Emy Vogel
Liam Potgieter
Juan Steenberg
Milan Potgieter

Marnelle Moroney, Ruwan de Bruin, Kimike Landman asook die graad 7-span het in hul onderskei afdelings na die finale rondes deurgedring.
Ruwan de Bruin behaal 'n uitstekende sesde plek tydens die graad 4 en 5-finaal.

Laerskool Randhart eindig algeheel sewende uit 24 skole.

Die Super 12-redenaars sal in 2027 deur Laerskool Constantiapark aangebied word.

6. **Interne skaakkampioenskappe**

Die juniors (graad 1 – 4) het op 19 Februarie en die seniors (graad 5 – 7) op 26 Februarie deelgeneem. Altesaam 58 leerders het aan die Interne kampioenskappe deelgeneem. Die wenners en naaswenners in die verskillende grade was as volg.

Graad 1

| Wenner | Naaswenner |
|---|---|
| Luca Bezuidenhout | Karli van Zyl |

Graad 2

| Wenner | Naaswenner |
|---|---|
| Lu-Mari Hattingh | Quade Coertze |

Graad 3

| Wenner | Naaswenner |
|---|---|
| Bryan Robinson | Elizyé Steyn |

Graad 4

| Wenner | Naaswenner |
|---|---|
| Sebastiaan Vermaak | Eben Strydom |

Graad 5

| Wenner | Naaswenner |
|---|---|
| Ruwan de Bruin | Ruvan Anderson |

Graad 6

| Wenners (Deel beker) | |
|---|---|
| Johan Hattingh<br>Juwan van Zyl | |

Graad 7

| Wenner | Naaswenner |
|---|---|
| Colton Stewart | Milan Potgieter |

Geluk aan al die bogenoemde leerders en dankie aan elke leerder wat ingeskryf het. Ons sien uit na die seisoen wat voorlê.

**7. Atletiek**

Randhart het weer 'n uitstekende atletiekseisoen beleef. Hiermee die hoogtepunte.

- Ons het op Saterdag 7 Februarie aan die Top-10 byeenkoms by die LC de Villiers Stadion deelgeneem. Ons kon vanjaar twee seun- en twee dogterspanne inskryf. Ons atlete het hul besonder goed van hul taak gekwyt, soveel so dat ons dogterspan die trofee as die beste dogterspan verower het. Die seuns eindig algeheel vierde. Laerskool Randhart word as die algehele wenners van die byeenkoms aangekondig.
- Die jaarlikse Interlaer-atletiekbyeenkoms het op 10 Februarie te Laerskool Generaal Alberts plaasgevind. 'n Totaal van 131 atlete het ons skool op hierdie dag verteenwoordig.

Uitslae was as volg: Randhart 386; Orion 261.5; Alberview 165.5; Generaal Alberts 151 en President Steyn 115. Ons skool wen op ŉ oortuigende wyse.

- Die Albertonkampioenskappe het op Saterdag 14 Februarie plaasgevind. Tydens die kampioenskappe kwalifiseer 58 atlete om aan die Distrikkampioenskappe in 89 items deel te neem.
- Tydens die Distrikkampioenskappe op Dinsdag 24 Februarie kwalifiseer 21 van ons atlete om in 32 items aan die Gautengkampioenskappe deel te neem. Die uitslae was as volg.
  - Quinn Delport – 1ste plek 60m, 6de plek 80m (dogters o.8)
  - Arno Williams – semi-finaal 80m (seuns o.8)
  - Lu-Mari Hattingh – 1ste plek 600m (dogters o.8)
  - Kehann Welgemoed – 4de plek 600m (seuns o.9)
  - Ivanka Crous – 13de plek gewigstoot (dogters o.10)
  - Mia Kruger – 4de plek verspring (dogters o.10)
  - Eduan Barnard – 5de plek hoogspring (seuns o.10)
  - Ruhan McPherson – semi-finaal gewigstoot (seuns o.10)
  - Mienke Baker – semi-finaal gewigstoot (dogters o.11)
  - Katy Coetzee – 3de plek gewigstoot (dogters o.11)
  - Lisa Pretorius – 1ste plek hoogspring (dogters o.11)
  - Nian Erasmus – 2de plek gewigstoot (seuns o.11)
  - Megan Hopley – finaal diskus (dogters o.12)
  - Marisa Cloete – 3de plek 150m en 75m hekkies; 5de plek hoogspring (dogters o.12)
  - Lerie Swanepoel – 1ste plek verspring (dogters o.12)
  - Liam McGeer – 1ste plek gewigstoot en 1ste plek diskus (seuns o.12)
  - Ruanke Kasselman – 3de plek gewigstoot (dogters o.13)
  - Kiara Kers – 5de plek diskus (dogters o.13)
  - Miané Pretorius – semi-finaal 200m hekkies en semi-finaal diskus (dogters o.13)
  - Jerilee van Dyk – semi-finaal hoogspring (dogters o.13)
  - Anelle Ainsley – semi-finaal spiesgooi (dogters o.13)
- Hierna kwalifiseer 7 atlete om aan die SA-kampioenskappe deel te neem.

**SA-kampioenskappe (19 – 21 Maart) in Kaapstad**

Om deel te wees van hierdie nasionale byeenkoms was voorwaar ŉ hoogtepunt vir ons atlete. Ons is trots op elkeen wat deelgeneem het. Hiermee die uitslae,

- Marisa Cloete
  9de plek – hoogspring
  8ste plek – 75m hekkies
  6de plek – 150m hekkies
- Katy Coetzee

10 de plek – gewigstoot

- Ruanke Kasselman
  11de plek – gewigstoot
- Liam McGeer
  12de plek – diskus
  3de plek – gewigstoot
- Nian Erasmus
  3de plek – gewigstoot
- Lisa Pretorius
  8ste plek – hoogspring
- Lerie Swanepoel
  4de plek – verspring

Die Ranties bring dus 2 medaljes huis toe.  Vat so, Nian en Liam!

**8. Swem**

Swem is besig om sy volwaardige plek by die skool in te neem.  Ons swemmers vaar al hoe beter in die water.  Ongelukkig het weersomstandighede daartoe bygedra dat heelwat van ons byeenkomste nie kon plaasvind nie.  Ons slaag egter steeds daarin om in die B-liga 13de uit 44 skole te eindig. Welgedaan aan die personeel en leerders.

ʼn Ekstra toevoeging in ons onmiddellike omgewing is die Goudvissie Swemskool. Van ons Rakker-ouers maak reeds gebruik van hulle uitnemende dienste.  Dit is beslis voordelig dat hulle sommer gedurende die skooldag leerders kom haal vir ʼn swemles.  Ons glo hieruit kan beslis ʼn paar toekomstige swemsterre oplewer.

**9. Ruiters**

Ons ruiters neem aan vier SANESA-kwalifiseringsrondes deel met die oog op kwalifisering vir Gautengkampioenskappe op 25 en 26 Julie.

Die eerste byeenkoms vir die jaar het op 7 en 8 Februarie plaasgevind en ons ruiters het goed rekenskap in die onderskeie dissiplines gegee.

Die tweede ronde het op 28 Februarie en 1 Maart te Eaton Farm plaasgevind.  Ons ruiters het weer uitstekend gevaar.

Die volgende byeenkoms vind op 16 en 17 Mei plaas.

Daar word beoog om op 17 April ʼn skoudag by die skool.

**10. Tennis**

Ons senior A en B-dogter- en -seunspanne neem vanjaar in die Gauteng Sentraal Liga deel.  Ongelukkig het die weer ʼn groot rol gespeel dat van ons bepalings nie voltooi of afgehandel kon word nie.  Ons dogters en seuns het egter tot dusver hulself baie goed van hulle taak gekwyt.

**11. Pom-poms**

Die Ranties se Pom-pom-span het hul seisoen tydens die eerste FDDCMSA-kompetisie van die jaar by Laerskool Tygerpoort op ’n hoë noot afgeskop met ’n uitstekende derde plek uit 8 uiters kompeterende skole.

Die span is reeds hard aan die werk en oefen ywerig vir die komende kompetisies. Die onlangse pom-pom kamp was ook ’n reuse sukses.

Ons sien met groot opgewondenheid uit na 18 April wanneer die volgende FDDCMSA-kompetisie by ons eie skool aangebied gaan word. Ons nooi almal hartlik uit om hierdie opwindende geleentheid by te woon, die span te ondersteun en self te beleef waaroor dit alles gaan.

**12. Toere**

Verskeie van ons toere en toernooie is reeds agter die rug, ander is tans aan die gang en ander sal die komende naweek plaasvind. Baie dankie aan al ons ouers vir u lojale en entoesiastiese ondersteuning.

- Rugby: o.10A & B, o.11A & B, 2de span en eerste span te Camp Discovery. Personeellid in beheer – mnr. W Willemse
- Netbal: Eerste span te Sun City. Personeellid in beheer – me. M Cloete
- Netbal: o.9 tot o.13A, B, C en D-spanne (kursus en toernooi) te Sportisimo. Personeellid in beheer – me. M Steenkamp
- Rugby: o.9A & B te Jubaweni. Personeellid in beheer – mnr. C van der Merwe

Ek glo dat ons seuns en dogters hierdie wonderlike geleentheid sal gebruik om ’n hegte band met hulle spanmaats te bou asook om die waardevolle voorbereidingstyd met die oog op die liga ten volle te benut.

**13. Hengel**

Die hengelseisoen het afgeskop en drie ligas het reeds plaasgevind. Soms was die byte maar skaars, maar ten spyte daarvan vaar ons hengelaars baie goed.

Baie geluk aan een van ons ywerige hengelaars, Aiden van der Walt, wat as reserwe vir die Suid-Afrikaanse o.13B-span gekies is en ook aan Wian Badenhorst wat tydens die liga-byeenkoms van 28 Februarie die swaarste karp vir die dag gevang het.

**14. Fietsry**

Die bekendstelling van fietsry as ’n skoolsport het sommer baie belangstelling gelok met sowat 48 ouers wat die eerste inligtingsvergadering bygewoon het. Ons skool het ook by Cycling South Africa (CSA) geregistreer. Die eerste oefeninge het reeds op ons velde plaasgevind. Hou die spasie dop! Indien u belangstel om betrokke te raak of meer inligting benodig, kontak gerus vir me. Beninca Botha by die skool.

**15. Droogtehulp**

Ek bedank graag die Randhartgemeenskap vir hulle wonderlike omgee-harte. Ons kon deur middel van u bydraes daarin slaag om R25 000 vir die Burre Burger NPC te skenk. Ons glo die fondse sal werklik ŉ verskil maak in streke waar droogte ŉ reuse impak op ons boerdery-gemeenskap het.

**16. Belangrike datums vir die 2de kwartaal tot en met 1 Mei**

Let asseblief op die volgende belangrike datums.

- 8 April – Skole heropen vir 2de kwartaal
- 8 April – Oueraand vanaf 16:30 tot 18:30
- 11 April – Super 12-rugby en netbal (groepwedstryde)
- 15 April – Super 12-rugby en netbal (semi-finale en finale te TUKS)
- 19 April – Koorfees: Linder Ouditorium
- 27 April – Vryheidsdag (Vakansiedag)
- 28 tot 30 April – Normale skooldae (NIE vakansiedae NIE)
- 1 Mei – Werkersdag (Vakansiedag)

**17. Skoolsluiting**

Neem asseblief kennis dat die skool op Vrydag 27 Maart soos volg sluit.

- Rakkers 09:30
- Graad 1 tot 3 09:45
- Graad 4 tot 7 10:00

Leerders wat afwesig is se rapporte kan vanaf 10:00 tot 10:30 in die kantoor afgehaal word.

Dit is duidelik uit bogenoemde aktiwiteite en prestasies dat ons ŉ besonder besige en uiters suksesvolle kwartaal by die Ranties beleef het.

Ek wil graag my opregte waardering uitspreek teenoor ons leerders vir ure se toewyding en harde werk om hierdie uitstekende resultate moontlik te maak.

ŉ Opregte woord van dank aan ons onderwysers wat altyd met entoesiasme en toewyding gereed staan om hul taak te verrig. Dikwels gaan hierdie insette met opofferinge ten opsigte van persoonlike- en gesinstyd gepaard. Mag ons as skoolgemeenskap nooit hierdie toewyding van ons personeel as vanselfsprekend aanvaar nie.

Ek spreek ook my dank uit teenoor ouers vir hul positiewe bydrae en volgehoue ondersteuning.

Saam sal ons ’n besige tweede kwartaal aanpak – net soos die Ranties kan!

*Vat so!*

D F Venter
Skoolhoof

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Interaktiewe onderrig

Skool van uitnemendheid

Regverdigheid
Uitnemendheid
INTEGRITEIT
Respek
RANTIES
Vat so!




goudvissie
SWEMSKOOL

# Leer om te swem

## is 'n lewensvaardigheid – nie 'n luuksheid nie!

By ons swemskool verstaan ons dat ouers se skedules besig is. Daarom werk ons saam met skole en nasorgsentrums om die las van Mamma en Pappa se skouers af te haal.




***Skryf vandag in*** en gee jou kinders die geskenk van waterveiligheid in 'n liefdevolle en prettige omgewing!

***Bespreek vandag:***
**083 440 3067**

**randhardt@goudvissie.co.za**

**www.goudvissie.co.za**

goudvissie SWEMSKOOL

## Ons Program

- **Deur die jaar:** Klasse binne én buite die swembad.
- **Doelwit:** Bou spiergeheue en selfvertroue sodat jou kind 'n gelukkige, veilige swemmer word.
- **Somervakansie:** Minder bekommernis, meer pret!

## Winteraanbiedinge

- Afslagpakkette om kinders aan die oefen te hou.
- Ons geslote, verwarmde fasiliteit hou hulle warm en gemaklik.

## Gerief vir Ouers

- Ons eie Swemskool-bus doen optel en aflaai in die buurt.
- Bestuurders het geldige lisensies, PDP, polisie-klaring en eerstehulp.
- 'n Kinderoppasser is altyd saam om die kleintjies te help.

## Slim Tegnologie

- Ons app laat jou klasse bespreek, betaal en herskeduleer.
- Kry voortgangsverslae en wenke om tuis te help.

## Tariewe

- **R750 (4 Tokens):** 1 keer per week
- **R1250 (8 Tokens):** 2 keer per week

## Ander Dienste

- Babaklasse
- Leer om te swem
- Inleiding tot slage
- Afrigting
- Volwasse klasse
- Wateraerobics

**Bespreek vandag:**

**083 440 3067**